Vermindering van kardiovaskulêre komplikasies
By pasiënte sonder klinies duidelike kardiovaskulêre siektes, met of sonder dislipidemie, maar met veelvuldige risikofaktore vir koronêre hartsiektes soos rook, hipertensie, diabetes, lae HDL-C, of 'n familiegeskiedenis van vroeë koronêre hartsiektes, word CHOLMIN aangedui om die risiko van iskemiese kardiovaskulêre en serebrovaskulêre siektes te verminder.
Sekondêre voorkoming
Vermindering van kardiovaskulêre insidente by pasiënte met duidelike kliniese koronêre hartsiekte en verhoogde cholesterolvlakke.
Terapie met lipied-verlagende middels moet 'n deel uitmaak van veelvuldige risiko-faktor-ingryping in persone wat aan 'n verhoogde risiko van aterosklerotiese vaskulêre siekte, as gevolg van hipercholesterolemie, blootgestel is. Lipied-verandering middels moet saam met 'n dieet wat beperk is ten opsigte van versadigde vet en cholesterol, gebruik word, alleenlik wanneer die resultate van dieet en ander nie-farmakologiese ingrepe onvoldoende is.
Alvorens CHOLMIN-terapie begin word, moet sekondêre oorsake van hipercholesterolemie (bv. swak beheerde diabetes mellitus, hipotiroïdisme, nefrotiese sindroom, disproteïnemie, obstruktiewe lewersiekte, ander geneesmiddelbehandeling en alkoholisme), uitgeskakel word, en 'n lipiedprofiel moet uitgevoer word om totale-C, LDL-C, HDL-C en TG te bepaal.

Posologie en metode van toediening
Die pasiënt moet op 'n standaard cholesterol-verlagende dieet geplaas word alvorens hy/sy CHOLMIN ontvang en moet voort gaan met die dieet tydens CHOLMIN-behandeling.
Die gebruiklike aanvangsdosis is 10 mg een keer per dag en moet op 'n individuele basis bereken word volgens basislyn LDL-C vlakke, die doel van die terapie en respons van die pasiënt. Dosisaanpassings moet slegs na 4 weke of langer gemaak word. Die maksimum aanbevole dosis sal afhang van die indikasie (sien hieronder).

Primêre hipercholesterolemie en gemengde hipercholesterolemie:
Die meerderheid pasiënte kan met 10 mg CHOLMIN een keer per dag beheer word. 'n Terapeutiese respons word binne 2 weke duidelik, en maksimum respons word gewoonlik binne 4 weke verkry. Die response word tydens kroniese terapie onderhou.

Heterosigotiese familiale hipercholesterolemie in pediatriese pasiënte (> 10 – 17 jarige ouderdom)
Ervaring in pediatriese pasiënte is beperk tot 'n klein aantal pasiënte (ouderdomsgroep 10 – 17 jaar) met erge dislipidemie, soos familiale hipercholesterolemie.
Pasiënte moet met CHOLMIN 10 mg daagliks begin word, die maksimum aanbevole dosis is 20 mg/dag.

Homosigotiese familiale hipercholesterolemie
In 'n uitgebreide gebruik en onbeheerde studie van pasiënte met homosigotiese familiale hipercholesterolemie, het die meerderheid pasiënte op 'n dosis van 80 mg CHOLMIN gereageer, met 'n groter as 15 % verlaging in LDL-C (18 % tot 45 %).

Vermindering van kardiovaskulêre komplikasies
Die dosisreikwydte is 10 tot 80 mg daagliks.

Spesiale pasiëntgroepe
Dosering in pasiënte met renale inkorting:
Renale siekte het geen invloed op plasmakonsentrasies of lipiedeffekte van CHOLMIN nie. Geen dosisaanpassings is dus nodig nie (sien afdeling 4.4).

Dosering in pasiënte met hepatiese inkorting:
In persone wat matige tot ernstige hepatiese inkorting, bly die terapeutiese respons teenoor CHOLMIN onveranderd, maar serumvlakke van die geneesmiddel word aansienlik verhoog. In pasiënte met kroniese alkoholiese lewersiekte, is plasmakonsentrasies van atorvastatien aansienlik verhoog. K_{maks} en AOK is albei 4 keer hoër in pasiënte met Child-Pugh A siekte. K_{maks} en AOK is onderskeidelik ongeveer 16 en 11 keer hoër in pasiënte met Child-Pugh B siekte. Die doserings vir pasiënte wat aansienlike volumes alkohol inneem en/of 'n geskiedenis van lewersiekte het moet versigtig oorweeg word (sien afdeling 4.3 en 4.4).

Metode van toediening
CHOLMIN is vir orale toediening.
Dosisse kan ter enige tyd van die dag, met of sonder kos gegee word.

Kontraïndikasies
CHOLMIN is teenaangedui in pasiënte:
- met hipersensitiwiteit teenoor atorvastatien of enige van die ander hulpstowwe van CHOLMIN soos gelys in afdeling 6.1.
- met aktiewe lewersiekte of onverklaarbare aanhoudende verhogings in serumtransaminase wat die boonste limiet van normaal drie keer oortref.
- wat swanger is, tydens borsvoeding en vroue wat potensieel vrugbaar is en nie voldoende voorbehoeding toepas nie (sien afdeling 4.6).
- wat behandel word met die hepatitis C antivirale middels glecaprevir/pibrentasvir.
- wat met rifampisien of diltiasiem behandel word en pomelo sap drink (sien afdeling 4.5).
- met Child-Pugh B en C (lewersirrose).

Spesiale waarskuwings en voorsorgmaatreëls vir gebruik
Lewereffekte
Dit word aanbeveel dat lewerfunksietoetse voor begin van terapie en met gereelde tussenposes daarna, uitgevoer word. Pasiënte wat tekens en simptome van lewerskade ontwikkel, se lewerfunksietoetse moet gedoen word. Pasiënte wat verhoogde transaminasevlakke ontwikkel, moet gemonitor word totdat die abnormaliteit(e) verdwyn. Indien 'n verhoging in transaminase van meer as 3 keer die boonste grenswaarde van normaal (BGN) aanhou, word onttrekking van CHOLMIN aanbeveel (sien afdeling 4.8).
CHOLMIN moet met omsigtigheid gebruik word in pasiënte wat aansienlike volumes alkohol inneem en/of 'n geskiedenis van lewersiekte het.

Voorbehoeding van beroerte by Aggressiewe Vermindering in Cholesterol-vlakke (SPARCL)
In 'n post-hoc analise van beroerte-subtipes by pasiënte sonder koronêre hartsiekte (KHS) wat 'n beroerte of kortstondige iskemiese aanval (TIA) gehad het, was daar 'n hoër voorkoms van hemorragiese beroerte by pasiënte wat op atorvastatien 80 mg begin is in vergelyking met placebo. Die verhoogde risiko is veral opgemerk by pasiënte met voorafgaande hemorragiese beroerte of lakunêre infarksie tydens die inskrywing van die studie. Vir pasiënte met 'n voorafgaande bloeding of lakunêre infarksie, is die balans tussen die risiko's en voordele van CHOLMIN 80 mg onseker, en die moontlike risiko van hemorragiese beroerte moet noukeurig oorweeg word voordat die behandeling begin word (sien afdeling 5.1).

Skeletspier effekte
Atorvastatien kan die skeletspier beïnvloed en mialgie, miositis en miopatie veroorsaak wat kan lei tot rabdomiolise, 'n potensieel lewensgevaarlike toestand wat gekenmerk word deur merkbaar verhoogde kreatienfosfokinase (KFK) vlakke (> 10 keer BGN), mioglobinemie en mioglobinurie wat kan lei tot nierversaking.
Daar was baie min verslae van 'n immuun-gemedieerde nekrotiserende miopatie (IGNM) tydens of na behandeling met sommige statiene. IGNM word klinies gekenmerk deur aanhoudende proksimale spierswakheid en verhoogde serum kreatienfosfokinase, wat voortduur ondanks die staking van statienbehandeling.

Voor die behandeling
Atorvastatien moet met omsigtigheid voorgeskryf word by pasiënte met voor-onthullende faktore vir rabdomiolise. KFK-vlakke moet gemeet word voordat statienbehandeling in die volgende situasies begin mag word:
- Renale inkorting
- Hipotireose
- Persoonlike of familiale geskiedenis van oorerflike spierafwykings
- Vorige geskiedenis van spiertoksisiteit met 'n statien of fibraat
- Vorige geskiedenis van lewersiekte en / of waar aansienlike hoeveelhede alkohol verbruik word
- By bejaardes (ouderdom > 70 jaar) moet die noodsaaklikheid van sodanige meting oorweeg word, volgens die teenwoordigheid van ander predisponerende faktore vir rabdomiolise
- Situasies waar 'n toename in plasmavlakke kan voorkom, soos interaksies (sien afdeling 4.5) en spesiale bevolkingsgroepe, insluitend genetiese subpopulasies (sien afdeling 5.2)

In sulke situasies moet die risiko van behandeling oorweeg word met betrekking tot moontlike voordele, en kliniese waarneming word aanbeveel. As KFK-vlakke beduidend verhoog is (> 5 keer BGN) aan die beginpunt, moet die behandeling nie begin word nie.
Meting van KFK
KFK moet nie gemeet word na inspannende oefening of in die teenwoordigheid van enige geloofwaardige alternatiewe oorsake van toename in KFK nie, aangesien dit waardeinterpretasie bemoeilik. As KFK-vlakke beduidend verhoog is by die basislyn (> 5 keer BGN), moet die vlakke binne 5 tot 7 dae later herwaardeer word om die resultate te bevestig.
Tydens behandeling
- Pasiënte moet gevra word om spierpyn, krampe of swakheid onmiddellik aan te meld, veral as dit gepaard gaan met malaise of koors.
- As sulke simptome voorkom terwyl 'n pasiënt behandeling met CHOLMIN ontvang, moet hul KFK-vlakke gemeet word. As daar gevind word dat hierdie vlakke beduidend verhoog is (> 5 keer BGN), moet die behandeling gestaak word.
- As spier-simptome ernstig is en daaglikse ongemak veroorsaak, selfs al word die KFK-vlakke tot ≤ 5 x BGN verhoog, moet die staking van die behandeling oorweeg word.
- As simptome verdwyn en die KFK-vlakke na normaal terugkeer, kan die herinvoering van atorvastatien of die instelling van 'n alternatiewe statien met die laagste dosis en met noukeurige waarneming, oorweeg word.
- CHOLMIN moet gestaak word indien klinies beduidende verhoging van KFK-vlakke (> 10 x BGN) voorkom, of as rabdomiolise gediagnoseer of vermoed word.

Gelyktydige behandeling met ander medisyne
Die risiko van rabdomiolise word verhoog wanneer atorvastatien gelyktydig toegedien word met sekere medisyne wat die plasmakonsentrasie van atorvastatien kan verhoog, soos kolgisien, kragtige inhibeerders van CYP3A4 of vervoerproteïene (bv. siklosporien, telitromisien, klaritromisien, delavirdien, stiripentol, ketokonasool, vorikonasool, itrakonasool, posakonasool, letemovir en MIV-protease-inhibeerders, insluitend atasanavir, indinavir, sakinavir met ritonavir, lopinavir met ritonavir, tipranavir met ritonavir, darunavir met ritonavir, fosamprenavir en fosamprenavir met ritonavir en sitochroom P450 inhibeerders). Die risiko van miopatie kan ook verhoog word met die gelyktydige gebruik van gemfibrosiel en ander veselsuurderivate, antivirale middels vir die behandeling van hepatitis C (HCV) (boseprevir, televir, elbasvir / grasoprevir), eritromisien, niasien of ezetimibe. Indien moontlik, moet alternatiewe (nie-interaksie) terapie oorweeg word in plaas van hierdie medisyne.
In gevalle waar gelyktydige toediening van hierdie medisyne met CHOLMIN nodig is, moet die voordeel en die risiko van gelyktydige behandeling noukeurig oorweeg word. As pasiënte medisyne ontvang wat die plasmakonsentrasie van atorvastatien verhoog, word 'n laer maksimum dosis atorvastatien aanbeveel. Daarbenewens, in die geval van kragtige CYP3A4-inhibeerders, moet 'n laer aanvangsdosis CHOLMIN oorweeg word en toepaslike kliniese waarneming van hierdie pasiënte word aanbeveel (sien afdeling 4.5).

CHOLMIN moet nie saam met sistemiese formulerings van fusidiensuur toegedien word, of binne 7 dae na die behandeling met fusidiensuur nie. By pasiënte waar die gebruik van sistemiese fusidiensuur as noodsaaklik beskou word, moet statienbehandeling gestaak word gedurende die duur van die behandeling met fusidiensuur. Daar is al berig oor rabdomiolise (insluitend sommige sterftes) by pasiënte wat fusidiensuur en statiene in kombinasie ontvang (sien afdeling 4.5). Die pasiënt moet aangeraai word om onmiddellik mediese hulp in te win indien simptome van spierswakheid, pyn of teerheid ervaar word. Statienterapie kan sewe dae na die laaste dosis fusidiensuur weer ingestel word. In buitengewone omstandighede, waar langdurige sistemiese fusidiensuur nodig is byvoorbeeld, vir die behandeling van ernstige infeksies, moet die behoefte aan gelyktydige toediening van CHOLMIN en fusidiensuur slegs van geval tot geval, en onder noukeurige mediese toesig, oorweeg word.
CHOLMIN-terapie moet onttrek word by enige pasiënt met 'n akute, ernstige toestand wat dui op 'n miopatie of wat 'n risikofaktor het wat geneig is tot die ontwikkeling van nierversaking sekondêr tot rabdomiolise, (bv. ernstige akute infeksie, hipotensie, groot chirurgie, trauma, ernstige metaboliese-, endokriene- en elektrolietafwykings, en onbeheerde epileptiese aanvalle).

Interstisiële longsiekte
Uitsonderlike gevalle van interstisiële longsiekte is by sommige statiene aangemeld, veral met langtermynterapie (sien afdeling 4.8). Kenmerkende dispnee, nie-produktiewe hoes en agteruitgang in algemene gesondheid (moegheid, gewigsverlies en koors) kan ingesluit word. As vermoed word dat 'n pasiënt interstisiële longsiekte ontwikkel het, moet statienterapie gestaak word.

Diabetes Mellitus
Stygings in HbA1c en vastende serumglukose-vlakke is by HMG-KoA reduktase-inhibeerders, insluitend CHOLMIN, gerapporteer.
Sommige bewyse dui daarop dat statiene as 'n klas, bloedglukose verhoog en by sommige pasiënte, met 'n hoë risiko vir toekomstige diabetes, 'n vlak van hiperglisemie kan veroorsaak waar formele diabetesversorging toepaslik is. Hierdie risiko word egter opgeweeg deur die vermindering in vaskulêre risiko by statiene en behoort daarom nie 'n rede te wees om die behandeling van statien te staak nie. Pasiënte wat in gevaar is (vastende glukose 5,6 tot 6,9 mmol/L, BMI > 30 kg/m^2, verhoogde trigliseriede, hipertensie) moet klinies en biochemies gemonitor word volgens nasionale riglyne.

Pediatriese pasiëntgroepe
Geen klinies beduidende effek op groei en seksuele rypwording is waargeneem in 'n drie-jaar studie nie, gebaseer op die beoordeling van algehele rypwording en ontwikkeling, assessering van Tanner-vase en meting van lengte en gewig (sien afdeling 4.8).

Interaksie met ander medisyne en ander vorms van interaksie
Effek van gelyktydige toegediende medisyne op atorvastatien
Atorvastatien word gemetaboliseer deur sitochroom P450 3A4 (CYP3A4) en is 'n substraat van die hepatiese vervoerders, organiese anioon polipeptied 1B1 (OATP1B1) vervoerder en 1B3 (OATP1B3) vervoerder. Metaboliete van atorvastatien is substrate van OATP1B1. Atorvastatien word ook geïdentifiseer as 'n substraat van die multi-geneesmiddelweerstandige proteïen 1 (MGW1) en borskankerweerstandige proteïen (BKWP), wat die dermabsorpsie en galopruiming van atorvastatien kan beperk (sien afdeling 5.2). Gelyktydige toediening van medisyne wat CYP3A4-inhibeerders of vervoerproteïene is, kan lei tot verhoogde plasmakonsentrasies van atorvastatien en 'n verhoogde risiko vir miopatie. Die risiko kan ook verhoog word by gelyktydige toediening van atorvastatien met ander medisyne wat die potensiaal het om miopatie te veroorsaak, soos veselsuurderivate en ezetimibe (sien afdeling 4.4).

CYP3A4 inhibeerders
Daar is getoon dat kragtige CYP3A4-inhibeerders tot 'n beduidende toename in konsentrasies atorvastatien lei. Gelyktydige toediening van kragtige CYP3A4-inhibeerders (bv. siklosporien, telitromisien, klaritromisien, delavirdien, stiripentol, ketokonasool, vorikonasool, itrakonasool, posakonasool, sommige antivirale middels wat gebruik word in die behandeling van HCV (bv. elbasvir / grazoprevir) en MIV-protease-inhibeerders, insluitend ritonavir, lopinavir, atazanavir, indinavir, darunavir), moet indien moontlik vermy word. In gevalle waar gelyktydige toediening van hierdie medisyne met CHOLMIN nie vermy kan word nie, moet laer aanvangs- en maksimum dosisse CHOLMIN oorweeg word en toepaslike kliniese waarneming van die pasiënt word aanbeveel.
Matige CYP3A4-inhibeerders (bv. eritromisien, diltiasiem, verapamil en flukonasool) kan die plasmakonsentrasies van atorvastatien verhoog. 'n Verhoogde risiko van miopatie is waargeneem met die gebruik van eritromisien in kombinasie met statiene. Dit is bekend dat beide amiodaron en verapamil CYP3A4-aktiwiteit belemmer, en saam met toediening met atorvastatien kan dit lei tot verhoogde blootstelling aan atorvastatien. Daarom moet 'n laer maksimum dosis CHOLMIN oorweeg word en toepaslike kliniese monitering van die pasiënt word aanbeveel wanneer dit saam met matige CYP3A4-inhibeerders gebruik word. Toepaslike kliniese waarneming word aanbeveel na aanvang of na die dosisaanpassings van die inhibeerder.

CYP3A4 induseerders
Gelyktydige toediening van CHOLMIN met induseerders van sitochroom P450 3A (bv. efavirens, rifampien, Sint-Janskruid) kan lei tot wisselende verlaging in plasmakonsentrasies van atorvastatien. As gevolg van die tweeledige meganisme van rifampien, (sitochroom P450 3A induksie en inhibering van die opname van die hepatosiet OATP1B1) word gelyktydige toediening van CHOLMIN en rifampien nie aanbeveel nie, aangesien vertraagde toediening van atorvastatien soos in CHOLMIN na toediening van rifampisien geassosieer is met 'n beduidende verlaging in die plasmakonsentrasies van atorvastatien. Die effek van rifampisien op atorvastatien konsentrasies in hepatosiete is egter onbekend en as gelyktydige toediening nie vermy kan word nie, moet pasiënte noukeurig gemonitor word vir effektiwiteit.

Vervoerinhibeerders
Inhibeerders van vervoerproteïene (bv. siklosporien, letermovir) kan die sistemiese blootstelling van atorvastatien verhoog. Die effek van die hepatiese opname vervoerders inhibisie op atorvastatien konsentrasies in hepatosiete is onbekend. As gelyktydige toediening nie vermy kan word nie, word 'n vermindering in dosis en kliniese monitering vir effektiwiteit aanbeveel. Die gebruik van CHOLMIN word nie aanbeveel by pasiënte wat letermovir saam met siklosporien neem nie (sien afdeling 4.4).

Gemfibrosiel / veselsuurderivate
Die gebruik van fibrate alleen word soms geassosieer met spierverwante reaksies, insluitend rabdomiolise. Die risiko vir hierdie gebeure kan verhoog word met die gepaardgaande gebruik van veselsuurderivate en atorvastatien. As gelyktydige toediening nie vermy kan word nie, moet die laagste dosis atorvastatien om die terapeutiese doelwit te bereik, gebruik word en die pasiënte moet toepaslik gemonitor word (sien afdeling 4.4).

Ezetimibe
Die gebruik van ezetimibe alleen hou verband met spierverwante gebeure, insluitend rabdomiolise. Die risiko vir hierdie gebeure kan dus verhoog word met die gelyktydige gebruik van ezetimibe en atorvastatien. Toepaslike kliniese waarneming van hierdie pasiënte word aanbeveel.

Kolestipol
Plasmakonsentrasies van atorvastatien en die aktiewe metaboliete daarvan was laer (met ongeveer 25 %) toe kolestipol saam met atorvastatien toegedien is. Lipiede-effekte was egter groter toe atorvastatien en kolestipol saam toegedien is
as wanneer een van die medisyne alleen toegedien is.

Fusidiensuur
Die risiko van miopatie, insluitend rabdomiolise, kan verhoog word deur die gelyktydige toediening van sistemiese fusidiensuur met statiene. Die meganisme van hierdie interaksie (of dit farmakodinamiese of farmakokinetiese is, of albei) is nog onbekend. Daar is al berig oor rabdomiolise (insluitend sommige sterftes) by pasiënte wat hierdie kombinasie ontvang.
As behandeling met sistemiese fusidiensuur nodig is, moet die behandeling met CHOLMIN gestaak word gedurende die duur van die behandeling met fusidiensuur (sien afdeling 4.4).

Kolgisien
Alhoewel interaksiestudies met atorvastatien en kolgisien nie uitgevoer is nie, is gevalle van miopatie gerapporteer met atorvastatien wat saam met kolgisien toegedien is, en dus moet CHOLMIN met sorg voorgeskryf word saam met kolgisien.

Teensure
Gelyktydige toediening van 'n orale teensuurmiddel-suspensies wat magnesium en aluminiumhidroksiede bevat, kan die plasmakonsentrasies van atorvastatien verlaag, maar LDL-C-verlaging sal egter nie verander word nie.

Effek van atorvastatien op gelyktydige toegediende medisyne
Digoksien
Gelyktydige toediening van veelvuldige dosisse atorvastatien en digoksien het gelykvlak plasma-digoksienkonsentrasies effens verhoog. Pasiënte wat digoksien neem, moet toepaslik gemonitor word.

Orale voorbehoedmiddels
Gelyktydige toediening van atorvastatien en 'n orale voorbehoedmiddel het die plasmakonsentrasies van noretindroon en etinielestradiol verhoog.

Warfarien
In 'n kliniese studie by pasiënte wat kroniese warfarien-terapie ontvang het, het die daagliks toediening van atorvastatien met warfarien 'n klein afname in protrombientyd veroorsaak gedurende die eerste 4 dae van dosering, wat binne 15 dae na atorvastatien-behandeling weer teruggekeer het na normaal. Alhoewel slegs baie seldsame gevalle van klinies beduidende antikoagulant-interaksies aangemeld is, moet protrombientyd bepaal word voordat atorvastatien begin word by pasiënte wat warfarien neem en gereeld genoeg tydens vroeë terapie om te verseker dat geen noemenswaardige verandering van protrombientyd plaasvind nie. Sodra 'n stabiele protrombientyd gedokumenteer is, kan protrombientye gemonitor word met die tussenposes wat gewoonlik aanbeveel word vir pasiënte op warfarien. Indien die dosis van atorvastatien verander of gestaak word, moet dieselfde prosedure herhaal word. Atorvastatien-terapie word nie geassosieer met bloeding of veranderinge in protrombientyd by pasiënte wat nie antikoagulante gebruik nie.

Pediatriese pasiëntgroepe
Interaksiestudies is slegs by volwassenes uitgevoer. Die omvang van interaksies in die pediatriese populasie is onbekend. Bogenoemde interaksies vir volwassenes en die waarskuwings in afdeling 4.4 moet in ag geneem word vir die pediatriese populasie.

Pomelosap
Pomelosap bevat een of meer komponente wat CYP 3A4 inhibeer en die plasmakonsentrasies van CHOLMIN met 2,5 tot 3,3 maal kan verhoog. Daarom moet die kombinasie vermy word (sien afdeling 4.3).

Vrugbaarheid, swangerskap en borsvoeding
Potensieel vrugbare vrouens
Vrouens wat potensieel vrugbaar is moet voldoende voorbehoedende maatreëls toepas tydens behandeling (sien afdeling 4.3).

Swangerskap
CHOLMIN is teenaangedui tydens swangerskap (sien afdeling 4.3). Veiligheid by swanger vroue is nie vasgestel nie. Behandeling tydens swangerskap met CHOLMIN kan die fetale vlakke van mevalonaat, wat 'n voorloper van biosintese van cholesterol is, verminder. Aterosklerose is 'n kroniese proses, en die staking van lipied-verlagende medisyne tydens swangerskap behoort gewoonlik 'n klein impak te hê op die langtermynrisiko verbonde aan primêre hipercholesterolemie. Om hierdie redes moet CHOLMIN nie gebruik word by vroue wat swanger is, probeer swanger raak of vermoed dat hulle swanger is nie. Behandeling met CHOLMIN moet gestaak word vir die duur van die swangerskap of totdat daar vasgestel is dat die vrou nie swanger is nie (sien afdeling 4.3.).

Laktasie
Dit is nie bekend of atorvastatien of die metaboliete daarvan in menslike melk uitgeskei word nie. By rotte is die plasmakonsentrasies van atorvastatien en die aktiewe metaboliete daarvan soortgelyk aan dié in melk. Vanweë die potensiaal vir ernstige nadelige reaksies, moet vroue wat CHOLMIN inneem nie hul babas borsvoed nie (sien afdeling 4.3). Dus is CHOLMIN teenaangedui tydens borsvoeding (sien afdeling 4.3).

Vrugbaarheid
In dierestudies het atorvastatien geen invloed op manlike of vroulike vrugbaarheid gehad nie.

Uitwerking op die vermoë om te bestuur en masjiene te gebruik
CHOLMIN het 'n weglaatbare invloed op die vermoë om te bestuur of om masjinerie te hanteer.

Newe-effekte
b. Getabuleerde opsomming van newe-effekte

MedDRA Sisteem-orgaanklas	Frekwensie	Ongewenste effekte
Infeksies en infestasies	Gereeld	Infeksie, griepsindroom, Nasofaringitis
Bloed- en limfatiesestelsel afwykings	Minder gereeld	Trombositopenie
Immuunstelsel afwykings	Gereeld	Allergiese reaksies
	Minder gereeld	Anafilakse
Metabolisme- en voeding afwykings	Gereeld	Hiperglisemie
	Minder gereeld	Hipoglisemie, gewigstoename, anoreksie
Psigiatriese afwykings	Minder gereeld	Nagmerries, slaaploosheid
Senuweestelsel afwykings	Gereeld	Hoofpyn
	Minder gereeld	Duiseligheid, parestesie, hipoëstesie, disgeusie, amnesie, perifere neuropatie
Oog versteurings	Minder gereeld	Dowwe visie, visie steurnisse
Versteurings van die ore en labirint	Minder gereeld	Tinnitus, gehoor verlies
Respiratoriese-, torakale- en mediastinale versteurings	Gereeld	Sinusitis, faringitis, faringeale- en laringeale pyn, epistakse
Gastro-intestinale versteurings	Gereeld	Hardlywigheid, winderigheid, dispepsie, naarheid, diarree
	Minder gereeld	Braking, boonste en onderste buikpyn, eruktasie, pankreatitis
Hepatobiliêre versteurings	Minder gereeld	Hepatitis, cholestase, lewerversaking
Versteurings van die vel en subkutane weefsel	Minder gereeld	Urtikaria, veluitslag, pruritus, alopesie, angioneurotiese edeem, bulleuse dermatitis insluitend eritem multiforme, Stevens-Johnson sindroom en toksiese epidermale nekrolise
Skeletspier en bindweefsel afwykings	Gereeld	Mialgie, artralgie, pyn in ekstremiteite, spierkrampe, gewrig swelling, rugpyn
	Minder gereeld	Nekpyn, spieruitputting, miopatie, miositis, rabdomiolise, spier skeuring, tendonopatie, soms bemoeilik deur skeuring, lupus-agtige sindroom.
	Frekwensie onbekend	Immuun-gemedieerde nekrotiserende miopatie
Voortplantingsisteem- en borsversteurings	Minder gereeld	Ginekomastie, impotensie
Algemene versteurings en toestande by die toedieningsplek	Minder gereeld	Malaise, astenie, borspyn, perifere edeem, moegheid, pireksie
Ondersoeke	Gereeld	Abnormale lewerfunksie toets, bloed KFK toename
	Minder gereeld	Urien-positiewe witbloedselle
Beserings, vergiftiging en prosedurele komplikasies	Frekwensie onbekend	Toevallige besering

d. Pediatriese pasiëntgroepe
Geen klinies beduidende effek op groei en seksuele rypwording is by kinders waargeneem nie.
Die veiligheid- en verdraagsaamheidsprofiel by pediatriese pasiënte is soortgelyk aan die bekende veiligheidsprofiel van atorvastatien by volwassenes.
Op grond van die beskikbare data is die frekwensie, tipe en erns van nadelige reaksies by kinders soortgelyk aan volwassenes.

Rapportering van vermoedelike newe-effekte
Dit is belangrik om vermoedelike newe-effekte wat waargeneem word nadat die medisyne goedkeur is, te rapporteer. Dit laat volgehoue kontrolering van voordeel/risiko-balans van die medisyne toe. Gesondheidsorgverskaffers word versoek om enige vermoedelike newe-effekte aan SAHPRA te rapporteer via die "**6.04 Adverse Drug Reaction Reporting Form**", aanlyn by SAHPRA se publikasies gevind kan word: https://www.sahpra.org.za/Publications/Index/8

Oordosering
Daar is geen spesifieke behandeling beskikbaar vir CHOLMIN oordosering nie. Indien oordosering plaasvind, moet die pasiënt simptomaties behandel word en ondersteunende maatreëls soos nodig ingestel word. Lewerfunksietoetse moet uitgevoer word en serum KFK-vlakke moet gemonitor word. As gevolg van die uitgebreide binding van die geneesmiddel aan plasmaproteïene, word verwag dat hemodialise nie die opruiming van atorvastatien aansienlik sal verhoog nie.

5 FARMAKOLOGIESE EIENSKAPPE
Farmakodinamiese eienskappe
A 7.5 Anti-serumcholesterolmiddels
Farmakoterapeutiese groep: Lipied wysigende middels, HMG-KoA-reduktase inhibeerders, ATC kode: C10AA05

Atorvastatien is 'n selektiewe, kompeterende inhibeerder van HMG-KoA-reduktase, wat die spoedbeperkende ensiem is wat verantwoordelik is vir die omskakeling van 3-hidroksi-3-metiel-glutariel-koënsiem-A na mevalonaat, 'n voorloper van sterole, insluitend cholesterol.
Die lewer is die primêre setel van aksie en die hoofsetel van cholesterolsintese en lae-densiteit lipoproteïene cholesterol (LDL-C) opruiming.
In dieremodelle verlaag atorvastatien plasma cholesterol- en lipoproteïen-serumkonsentrasies deur HMG-KoA-reduktase en cholesterolsintese in die lewer te inhibeer en die aantal LDL-C-reseptore op die selopperVlak van lewerselle te verhoog, wat voorsiening maak vir verhoogde opname en katabolisme van LDL- C.
Atorvastatien verminder LDL-C-produksie, asook die aantal LDL-C-partikels. Afhangend van die dosis, sal atorvastatien die aantal apolipoproteïne-B-bevattende partikels in pasiënte met hipercholesterolemie verminder. Atorvastatien lewer 'n diepgaande en volgehoue toename in LDL-C-reseptoraktiwiteit tesame met 'n gunstige verandering in die kwaliteit van sirkulerende LDL-C-partikels.
Atorvastatien is effektief in die vermindering van LDL-C in pasiënte met homosigotiese familiale hipercholesterolemie, 'n bevolking wat gewoonlik nie op lipiedverlagende medisyne gereageer het nie.
Atorvastatien verminder die totale cholesterol (totaal-C), LDL-C, apolipoproteïen-B in normale vrywilligers, en by pasiënte met heterosigotiese familiale hipercholesterolemie, nie-familiale hipercholesterolemie, gemengde dislipidemie, en by sommige pasiënte met homosigotiese familiale hipercholesterolemie. Dit verminder ook serumtrigliseriede (TG) en veroorsaak wisselende toenames in hoë-densiteit lipoproteïen-cholesterol (HDL-C) en apolipoproteïen-A-1 in nie-familiale hipercholesterolemie en gemengde dislipidemieë.

Farmakokinetiese eienskappe
Absorpsie
Atorvastatien word geabsorbeer na orale toediening, die maksimum plasmakonsentrasies word binne 1 tot 2 uur bereik. Die omvang van die absorpsie neem toe in verhouding tot die dosis van atorvastatien. Die absolute biobeskikbaarheid van atorvastatien is ongeveer 12 % en die sistemiese beskikbaarheid van HMG-KoA-reduktase-inhiberende aktiwiteit is ongeveer 30 %. Die lae sistemiese beskikbaarheid word toegeskryf aan pre-sistemiese opruiming in die gastro-intestinale slymvliese en / of hepatiese eerste-verbygangs-metabolisme. Alhoewel voedsel die spoed en omvang van die opname met onderskeidelik ongeveer 25 % en 9 % verlaag, soos bepaal deur K_{maks} en AOK, is LDL-C-verlaging soortgelyk wanneer atorvastatien met of sonder voedsel gegee word. Die konsentrasie van atorvastatien in plasma is laer (ongeveer 30 % vir K_{maks} en AOK) na toediening in die aand in vergelyking met toediening in die oggend. LDL-C-verlaging is egter dieselfde, afgesien van wanneer die geneesmiddel toegedien word (sien afdeling 4.2).

Verspreiding
Die gemiddelde volume van distribusie vir atorvastatien is ongeveer 381 liter. Atorvastatien word ≥ 98 % of meer gebind aan plasmaproteïene.

Biotransformasie
Atorvastatien word deur sitochroom P450 3A4 gemetaboliseer tot orto- en para-gehidroksileerde derivate en verskeie beta-oksidasie produkte. Afgesien van ander metaboliese weë, word hierdie produkte verder gemetaboliseer via glukuronidase. *In vitro*-inhibisie van HMG-KoA-reduktase deur orto- en para-gehidroksileerde metaboliete is gelykstaande aan dié van atorvastatien. Ongeveer 70 % van die sirkulerende inhiberende aktiwiteit vir HMG-KoA-reduktase word aan aktiewe metaboliete toegeskryf.

Eliminasie
Na hepatiese en/of ekstrahepatiese metabolisme, word atorvastatien hoofsaaklik in die gal uitgeskei. Dit wil voorkom of dit egter nie enterohepatiese hersirkulasie ondergaan nie. Die gemiddelde plasma-eliminasie half-leeftyd van atorvastatien in mense is ongeveer 14 uur, maar die half-leeftyd vir HMG-KoA-reduktase is 20 tot 30 uur as gevolg van die bydrae van aktiewe metaboliete. Minder as 2 % van die dosis atorvastatien word na orale toediening in die urine herwin.

Spesiale pasiëntgroepe
Bejaarde pasiënte:
Plasmakonsentrasies van atorvastatien en sy aktiewe metaboliete is hoër (omtrent 40 % vir K_{maks} en 30 % vir AOK) in gesonde bejaardes in vergelyking met jong volwassenes terwyl die lipiedeffekte vergelykbaar was met dié wat by jonger pasiëntpopulasies gesien is.
Geslag:
Plasmakonsentrasies van atorvastatien by vroue verskil (ongeveer 20 % hoër vir K_{maks} en 10 % laer vir AOK) van dié van mans. Daar is egter geen klinies beduidende verskil in lipied-effekte tussen mans en vrouens nie.
Renale inkorting:
Niersiekte het geen invloed op die plasmakonsentrasies van lipiede-effekte van atorvastatien nie. Dosisaanpassing in pasiënte met renale disfunksie is dus nie nodig nie (sien afdeling 4.2). 'n Geskiedenis van renale inkorting kan egter 'n risikofaktor wees vir die ontwikkeling van rabdomiolise. Hierdie pasiënte vereis nouer waarneming vir skeletspier-effekte (sien afdeling 4.4).
Hepatiese inkorting:
Plasmakonsentrasies van atorvastatien en die aktiewe metaboliete daarvan word aansienlik verhoog (ongeveer 16-voudig vir K_{maks} en 11-voudig vir AOK) by pasiënte met kroniese alkoholiese lewersiekte (Child-Pugh B).
Hemodialise:
Alhoewel studies in pasiënte met eind-stadium niersiekte nie uitgevoer is nie, word daar nie verwag dat hemodialise die opruiming van atorvastatien beduidend sal verhoog nie aangesien die geneesmiddel ekstensief aan plasmaproteïene gebind is.

SLCO1B1 polimorfisme
Hepatiese opname van alle HMG-KoA-reduktase-inhibeerders, insluitend atorvastatien, behels die OATP1B1-vervoerder. In pasiënte met SLCO1B1-polimorfisme is daar 'n bestaande risiko van verhoogde blootstelling aan atorvastatien, wat kan lei tot 'n verhoogde risiko vir rabdomiolise (sien afdeling 4.4). Polimorfisme in die geen kodering OATP1B1 (SLCO1B1 c.521CC) is geassosieer met 'n 2,4-voudige hoër atorvastatien blootstelling (AOK) as by individue sonder hierdie genotipe-variant (c.521TT). 'n Geneties-verswakte hepatiese opname van atorvastatien is ook moontlik by hierdie pasiënte. Dit is nie bekend wat die moontlike gevolge op effektiwiteit is nie.

Pediatriese pasiëntgroepe
Orale opruiming van atorvastatien by pediatriese proefpersone is soortgelyk as in volwassenes wanneer dit allometries volgens liggaamsgewig afgeskaal word. Konsekwente afname in LDL-C en TC word waargeneem oor die reeks atorvastatien en o-hidroksi-atorvastatien blootstelling.

Pre-kliniese veiligheidsdata
Nie van toepassing nie.

6 FARMASEUTIESE BESONDERHEDE
Lys van hulpstowwe
Anhidriese natriumkarbonaat
Butielhidroksianisool
Kolloïdale anhidriese silika
Magnesiumstearaat
Mannitol
Mikrokristallyn sellulose
Natriumkroskarmellose
Natriumlaurielsulfaat
Filmbedekking
Hipromellose
Mikrokristallien sellulose
Steariensuur
Onverenigbaarheid
Nie van toepassing nie.
Rakleeftyd
36 maande.
Spesiale voorsorgmaatreëls tydens berging
Bewaar in die oorspronklike verpakking (in die karton) teen of benede 25 °C.
Aard en inhoud van die houer
Aluminium/aluminium stulpverpakkings [aluminiumfoelie van kouevorm-stulpverpakking (deksel foelie) en kouevorm-stulpstrookkleminaat vir Alu Alu stulpverpakking (vormfoelie)] strokies (4 stulpverpakkingstrokies van 7 tablette) in 'n karton wat 28 filmbedekte tablette bevat.

Spesiale voorsorgmaatreëls vir wegdoening en ander hantering
Geen spesiale vereistes.

7 HOUER VAN REGISTRASIESERTIFIKAAT
Trinity Pharma (Pty) Ltd
16de Straat 106
Gebou 2, Midrand
Suid-Afrika

8 REGISTRASIENOMMER(S)
Cholmin 10: 49/7.5/0481
Cholmin 20: 49/7.5/0482
Cholmin 40: 49/7.5/0483
Cholmin 80: 49/7.5/0484

9 DATUM VAN EERSTE MAGTIGING / HERNUWING VAN DIE MAGTIGING
16 Maart 2021

10 DATUM VAN HERSIENING VAN DIE TEKS